

Storie

Baba Voëltjie vind sy mamma

Eendag was daar 'n Mamma Voël, en sy het 'n pragtige nes in 'n groot boom gebou. Sy lê toe 'n eier in haar nes en gaan sit daarop om dit warm te hou. Mamma Voël sit vir 'n lang tyd op haar eier in haar nes. Maar toe word sy baie honger. Sy wil uitgaan en 'n vet, sappige wurm gaan soek om te eet. Wat dink julle doen sy toe? Ja, Mamma Voël vlieg weg om wurms te gaan soek.

Weet julle wat gebeur terwyl sy weg is? Baba Voëltjie is in die eiertjie, maar hy wil uitkom. Hy pik die binnekant van die eier met sy snawel, sy bekkie. Toe pik hy weer en hy maak 'n klein gaatjie. Hy stoot sy snawel deur die gaatjie en die eier breek, en daar kom Baba Voëltjie uit!

Hy is só bly dat hy sy vlerkies skud. Baba Voëltjie kyk rond en soek sy mamma en sê, "Waar is my mamma?" Hy kyk op en af en oral rond, maar hy sien haar nêrens nie.

"Ek gaan my mamma soek," sê Baba Voëltjie. En weet julle wat doen hy? Hy klim net daar uit die nes! Hy kan natuurlik nie vlieg nie, want hy is nog te klein. Hy val en val en val met 'n boem! op die grond. Maar hy is 'n sterk en dapper voëltjie en hy staan op, skud sy veertjies reg en stap weg om sy mamma te gaan soek.

Die eerste dier wat hy sien is 'n koei. "Koei, is jy my mamma?" vra hy die koei. "Moeeee!" sê Koei. "Ek is nie jou mamma nie, maar ek sal vir jou melk gee". "Nee dankie," sê Baba Voëltjie, "Ek moet my mamma kry". Hy loop verder en sê, "Waar is my mamma? Ek moet my mamma kry".

Jy sal waarskynlik vind dat die kinders hulle maklik met Baba Voëltjie vereenselwig en dit geniet om sy rol in die storie te speel. Jy kan sê, "Kan julle julle handjies soos Baba Voëltjie se vlerkies skud?" en "Kyk op en af en oral rond soos Baba Voëltjie" en "Wys my hoe julle lyk as julle hartseer voel soos Baba Voëltjie".



Kort daarna kom hy 'n bok teë. "Bok, is jy my mamma?" vra hy die bok. "Bêêê! Bêêê!" blêr die bok en hy skud sy harige kop. "Kom eet lekker soet gras saam met my." "Nee dankie," sê Baba Voëltjie, "Ek moet my mamma kry". Baba Voëltjie loop verder en sê, "Waar is my mamma? Ek moet my mamma kry".


Die volgende dier wat hy teëkom is 'n vark. "Vark, is jy my mamma?" vra Baba Voëltjie hoopvol. "Ek is nie jou mamma nie, maar jy kan saam met my in die modder kom rol, gmff-gmff!" snork Vark. "Nee dankie," sê Baba Voëltjie, "Ek moet my mamma kry".

Baba Voëltjie voel hartseer. Hy wonder, gaan ek ooit my mamma kry? Net toe kom Ouma met die paadjie afgestap. Sy het 'n mandjie in haar hand. Sy hoor 'n fyn stemmetjie wat "Twiet-twiet" sê. Min weet sy dis Baba Voëltjie wat sê, "Waar is my mamma?"

Wat dink julle doen Ouma toe? Luister mooi, dan vertel ek vir julle. Sy tel vir Baba Voëltjie op en sit hom in haar mandjie. "Jy lyk verdwaal," sê Ouma. "Ek weet waar jou mamma is." Sy loop in die paadjie af in die rigting van die bome. Ouma vind die nes en sit vir Baba Voëltjie versigtig terug in die nes. Toe gaan sit sy op 'n rots en wag. En weet julle wat gebeur?

Kort daarna kom Mamma Voël teruggevlieg. Sy het 'n lang wurm in haar bek. Baba Voëltjie roep opgewonde, "Is jy my mamma? Ek weet jy's my mamma!" Sy sê, "Ja, ek is jou mamma". Hy maak sy bekkie oop en eet die wurm op. Mamma Voël gaan sit toe lekker styf teen haar baba in die nes. Baba Voëltjie is baie bly om weer by sy mamma te wees.

Fluit-fluit, my storie is uit!



In hierdie storie is daar 'n paar natuurlike geleenthede vir jou om die kinders aan te moedig om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur. Dit is een goeie manier om kinders oor die verloop van 'n storie en die volgorde van gebeurtenisse te laat dink.

